




Nuusbrief



My hart se punt!

Ek sit en dink die afgelope tydjie so aan my hartkinders en hoe my lewe die afgelope 9 jaar verander het met hulle daarin!

Eerstens het ek grootgeword in 'n wonderlike gesin, met wonderlike ouers wat my altyd ondersteun het en wat altyd daar vir my was. Ek het soveel voorregte gehad en self toe ek my eie gesin begin het, het ek hulle grootgemaak na die beste van my vermoë, hulle van Jesus geleer, waardes geleer, ons het krag, lopende water, genoeg kos, vakansies, ens gehad.

Toe word ek huismamma van 11 kinders wat in ons sorg geplaas word, waarvan baie nie eens lopende water of krag in hul huise gehad het nie, was daar baie dae nie eens kos in hul huise nie, blootstellings baie erg en was elke dag 'n geveg om oorlewing!

Met ons verwysingsraamwerk van wie ons is en hoe ons grootgemaak is, kan jy jouself nie altyd indink dat daar kinders is, wat deur sulke moeilike en slegte omstandighede, elke dag moet gaan nie!

As 'n dogter vir jou vertel dat sy vir haar Pa moes wegkruip, of 'n seun vertel jou dat hy elke dag 'n paar kanne op 'n kruie moes laai om water te gaan haal, 'n goeie aantal kilometers van hul huis af, want hulle het nie krag of water in hul huise gehad nie, 'n pa wat altyd dronk was en hy vir sy sussie wou sorg want daar was nie kos in die huis nie, wil jou hart in stukke breek! Soveel stories en soveel seer! Hierdie stories en soveel meer, is waardeur ons kinders is.

Die verwerping wat baie van hulle

moes beleef, het net nog verdere trauma veroorsaak! Ek is net nie goed genoeg vir enigiemand nie! Soveel trauma en soveel seer! Laat mens net wonder, hoe oorleef jy dit en hoe word elkeen van hulle heel? Hoe tel jy jou kop op en kyk die wêreld vierkantig in die oë en begin jy weer treetjie vir treetjie die stadige pad na herstel stap? Maar Jesus het hulle geblees met 'n vegtersinstink en baklei hulle vir hul plekkie in die son, sorg hulle dat omstandighede hulle nie onderkry nie en is dit so wonderlik om die groei, gesondword en hoogtepunte in elkeen se lewetjie saam met hulle te kan deel.

Het ek al in die afgelope 9 jaar gesien hoe stukkende kinders heel word, hoe onseker kinders met geen selfvertroue, leiers word! Hoe hulle sal aanhou probeer en net nooit moed opgee nie, my hartkinders en almal wenners in Christus!

Ek is so trots op elkeen van hulle, want nooit het hulle moed opgegee nie, het elkeen van hulle nou hul regmatige plekkie in die lewe en staan hulle uit vir wie hulle is. Kan ek sommer net vreeslik lekker spog met hul prestasies, 'n onderhoofseun, 3 leiers en nou nog 2 op die kortlys, rugby Bloubulle, A++ vir prosa, A vir Kuns, prestasies in hokkie en atletiek, akademie en so kan die lysie aanhou!

Hierdie kinders is my hart se punt en kan ek elke dag leer van aanhou en uithou en nooit moed opgee nie! Kan ons net elke dag dankie sê vir Jesus se guns en genade oor elkeen van hulle en dat Hy die Groot Geneesheer is!

Kontakbesonderhede:

Tel: 012 644-2524

Sel: 083 696 8600

E-pos: theresag@ki-deo.co.za

www.ki-deo.co.za

Ons is ook op FB, volg ons daar!

Belangrike Nommers:

NPO reg no.: 000-762

WO no.: 11 02 0059

PBO.: 18/11/13/1456

Bankbesonderhede:

ABSA Rek no.: 10500 40654

Verw.: MSK-KH

Ons is 'n geregistreerde organisasie en kan jou voorsien met die nodige artikel 18A sertifikaat indien nodig vir belasting-doeleindes!



Help ons asseblief met die volgende kruideniersware op 'n maandelikse basis:

Suiker
Koffie (Ricoffy)
Tee (Rooibos)
Pasta
Rys
Two-Minute-Noodles
Tamatie- en Uiesmoor
Tamatiepuree
Speserye
Sout en Peper
Geblikte ertjies
Baked Beans
Sweetcorn
Tuna
Bully Beef
Oats
Kitspappe
Margarine
Peanut botter
Stroop
Bovril
Kaasmeer
Konfyt
Aanmaak koeldrank
Mayonnaise
All Gold Tamatiesous
Chutney
Sweet Chilli Sous
Skoonmaakprodukte:
Handy Andy
Domestos
Mr Min
Mr Muscle
Toilet Duck
Jeyes Bloo blokkies
Jeyes Fluid
Skottelgoedwasser seep
Swart sakke
Swart skoenpolitoer
Skuursponsies
Staalwol
Waslappies
Afdrooglappe
Eiers
Melk
Kaas
Weense Worsies
Sousboontjies
Beet
Vars groente of gevriesde groente
Kaas
Vrugte
Koekies en Lekkers

Ons Matrikulante

Ons het die jaar twee dogters wat matriek skryf en wil ek eerder nie dink dat hulle amper die huis gaan verlaat nie! Dit is nie maklik om te laat gaan nie, maar gelukkig gaan hulle somer baie naby wees! Albei is ingeskryf by Tukies en albei wil Onderwys gaan studeer. Monique was nou 5jr by ons en Fransisca 3jr en gaan hulle beslis 'n groot leemte laat! Hierdie tweetjies is harde werkers en weet ek dat hulle 'n groot sukses gaan maak met hul studies en lewens vorentoe!

Indien enigeen dalk wil help met hul koshuiskamers en alles wat hul gaan benodig vir volgende jaar, sal dit so waardeer word. Hierdie tweetjies het regtig niemand wat hulle kan help en

ondersteun nie. Ons benodig die volgende vir hulle:

Handoeke
Koffie Bekers
Ketel
Strykyster
Borde, klein bordjies, teelepels, messe en vurke (so 2 van elk)
Duvet met Duvetoortreksel
Gordyne
Lakens
Kussings met Kussingslope
Bedlampie
Lessenaarlampie
Mikrogolf
Klein yskassie vir kamer

Hierdie nuwe fase in hul lewens is skrikwekkend vir hulle en die onsekerheid en bangheid knaag maar! Help ons asb om hulle ook hierin te ondersteun!

Ons benodig mense wat bereid is om maandeliks op die volgende maniere betrokke te raak:

- Maandelikse finansiële bydraes
- Eenmalige finansiële bydraes
- Bydrae tot ons emmerprojek, dit is kruideniersware en skoonmaakprodukte
- Hulp met kinderpartytjies
- Naweek- en Vakansie Ouers
- Bederf die kinders met uitstappies, uiteet of wegneemetes
- Help met take of huiswerk in die middag
- Help met fondsinsamelings
- Bouprojek: herstelwerk aan huis wat dringend noodsaaklik is.

PROJEKTE BY DIE HUIS:

- **Seunskamer: Beddegoed (kamer bietjie mooimaak)**
- **Plante vir die huis**
- **Speelarea moet opgeknop word asook swaai herstel**
- **Gordyne met reëling vir stoepkamer**
- **Verskeie vertrekke moet geverf word**
- **Vlaggies maak vir speelarea (het materiaal, benodig net hande om te help)**
- **Somersklere vir kinders, veral die jonger dogters benodig dringend t-hempies en kortbroeke.**



Huidiglik het ons vele uitdagings en het ons verskeie kinders in terapie en kinders wat op medikasie is, wat ons maandelikse begroting 'n uitdaging maak. Ons skole is ver uitmekaar wat weer uitdagings met die brandstof veroorsaak en so kan die lysie aangaan. Dus indien jy op een of ander manier kan help en ons hande kan neem om 'n verskil in ons kinders se lewens te maak, kontak my asb en help my om vir ons kinders 'n beter vandag en 'n toekoms te kan gee!

Blessings, Theresa